## 14.4 BESKRYWINGSPUNT – OOSTELIKE STREEKSINODE – VERTEENWOORDIGING VAN DIE GKSA BY DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SA SE STREEKVERGADERINGS (Art 30)

## 14.4 POINT OF DESCRIPTION – EASTERN REGIONAL SYNOD – REPRESENTATION OF THE GKSA AT THE BIBLE SOCIETY OF SA's REGIONAL MEETINGS (Art 30)

A. Dr AJ Krüger stel die Beskrywingspunt.
Dr AJ Krüger tables the Point of Description.

B. Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.
The Point of Description is concluded while the Synod is in session.

C. **Besluit:** Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt in die lig van pt 2.4 van Rapport 2, Deputate Bybel – Bybelverspreiding (14.2).
**Decision:** The Point of Description is accepted in light of pt 2.4 of Report 2, Deputies Bible – Bible Distribution (14.2).

D. **BESKRYWINGSPUNT / POINT OF DESCRIPTION**

| | |
|---|---|
| Oostelike Streeksinode versoek die Algemene Sinode 2023 om die volgende werkwyse vas te stel oor die verteenwoordiging van die GKSA op Streeksvlak by die Bybelgenootskap van SA | Eastern Regional Synod requests General Synod 2023 to establish the following procedure regarding the representation of the GKSA at regional level at the Bible Society of SA |
| **Werkswyse**<br>1. Die Oostelike Streeksinode versoek die Algemene Sinode om te besluit dat die Klassisse naaste aan die vyf kantore van die BSA versoek word om in die toekoms verteenwoordigers by die BSA aan te wys. Hierdie sentra is geleë te Kempton Park, Port Elizabeth, Durban, Bellville en Bloemfontein, d.i. Klassisse Sentraal-Oosrand, KwaZulu-Natal-Suid, Suid-Vrystaat, Boland en Karoo-Kei.<br>2. Dat twee verteenwoordigers uit elkeen van hierdie Klassisse aangewys word, een predikant en een nie-predikant. Hierdie verteenwoordigers woon vergaderings van daardie kantore van die BSA met en namens die kerke by.<br>3. Hierdie verteenwoordigers gee terugvoer oor sake insake Bybelverspreiding via die Skakeldeputaat van die GKSA by die Bybelgenootskap (Tans br Hennie Dekker). Die Skakeldeputaat kan van die sisteme van die Admin Buro gebruik maak om in die kerkverband te kommunikeer. | **Procedure**<br>1. The Eastern Regional Synod requests the General Synod to decide that the Classes closest to the five offices of the BSA are requested to appoint representatives to the BSA in the future. These centres are located in Kempton Park, Port Elizabeth, Durban, Bellville and Bloemfontein, i.e. Classes Central East Rand, KwaZulu-Natal South, Southern Free State, Boland and Karoo-Kei.<br>2. That two representatives be appointed from each of these Classes, one minister and one non-minister. These representatives attend meetings of those offices of the BSA with and on behalf of the churches.<br>3. These representatives give feedback on matters concerning Bible distribution via the Liaison deputy of the GKSA at the Bible Society (Currently Br Hennie Dekker). The Liaison deputy can use the systems of the Admin Bureau to communicate to the churches. |
| **Motivering**<br>1. Die afgelope jare het daar groot veranderings in die strukture van die BSA gekom. Die vorige metode van | **Motivation**<br>1. In recent years, there have been major changes in the structures of the BSA. The previous method of representation can no |

| | |
|---|---|
| verteenwoordiging kan in die praktyk nie meer werk nie, o.a. aangesien die streke van die BSA nie ooreenstem met die Streeksinodes van die GKSA nie. Daar moes opnuut besin word oor hoe om hierdie verteenwoordiging effektief en eenparig te bewerk. Hierdie voorstel word gemaak in lyn met advies deur br Dekker gegee. | longer work in practice, i.a. since the regions of the BSA do not correspond to the Regional Synods of the GKSA. There had to be renewed reflection on how to work this representation effectively and unanimously. This proposal is made in line with advice by br Dekker given. |
| 2. Hierdie saak kan in terme van KO, art 30 nie deur hierdie Streeksinode alleen afgehandel word nie, aangesien die saak al die kerke in die GKSA raak. Daarom het die Sinode op sy vergadering van 29 November 2022 besluit om hierdie saak te verwys na die Algemene Sinode vir afhandeling. Die Skakeldeputaat (br Dekker) woon en werk in die ressort van die Oostelike Streeksinode, en gevolglik het die saak op hierdie Sinode se tafel uitgekom. Die saak het egter landwye implikasies en moet dus op die vlak van die Algemene Sinode hanteer word. | 2. In terms of CO, art 30, this matter cannot be settled by this Regional Synod alone, as the matter affects all the churches in the GKSA. Therefore, at its meeting of 29 November 2022, the Synod decided to refer this matter to the General Synod for settlement. The Liaison deputy (Br Dekker) lives and works in the jurisdiction of the Eastern Regional Synod, and as a result the matter came to this Synod's table. However, the matter has nationwide implications and must therefore be dealt with at the level of the General Synod. |